# *Aankondiging van toekomstige gebeure*

## Netwerkvorming in Afrika

*Die redaksie van die SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie het die volgende inligting van die ICSU (International Council for Science) rakende netwerkvorming in Afrika ontvang. Ons gee graag die inligting aan u deur.*

Tydens die 28ste Algemene Vergadering van ICSU wat in Oktober 2005 in Sjina gehou is, is die ICSU Strategiese Plan vir 2006-11 goedgekeur. Meer besonderhede omtrent hierdie plan is by www.icsu.org beskikbaar. Binne die raamwerk van hierdie Strategiese Plan van ICSU, en met inagneming van die onmiddellike behoeftes van Afrika, het die ICSU Streekkomitee vir Afrika sekere prioriteite geïdentifiseer, naamlik: (i) Gesondheid en menslike welstand, (ii) Volhoubare energie, (iii) Natuurlike en mensgemaakte gevare en rampe, asook (iv) Globale verandering. Die tyd is nou ryp vir aksie en die ISCU-Streekkantoor vir Afrika het 'n sogenaamde padkaart voorberei vir die realisering van die beoogde doelwitte, veral in bogenoemde vier prioriteitsareas. Die ICSU sal voortbeweeg langs twee roetes wat na dieselfde bestemming sal lei, "welvaart vir Afrika deur die toepassing van wetenskap en tegnologie."

**Roete nommer 1:** Ten einde sukses te behaal in die nastrewing van die vier prioriteitsareas tot voordeel van gemeenskappe, sal daar permanente en oorkruisprojekte wees wat in elk van hierdie prioriteitsareas beliggaam sal word, onder andere, (a) 'n streekkantoor wat goed funksioneer, (b) die skep van 'n databasis van Afrika-wetenskaplikes in elke wetenskaplike dissipline (sal ook Afrika-wetenskaplikes vanuit die diaspora insluit), (c) kapasiteitsbouprogramme, (d) die bevordering van inheemse kennis en vaardighede, (e) geslagsgelykheid, (f) uitreikaktiwiteite (voorspraak), (g) strategiese vennootskappe met ander organisasies binne en buite Afrika, en (h) die generering van fondse.
**Aktiwiteite vir Roete nommer 1:** Netwerkvorming binne Afrika vir elke Unie en ander geaffilieerde liggame van die ICSU is in die proses van voorbereiding. Die ICSU het alle lede van die groep (Unies en ander geaffilieerde liggame) reeds versoek om bestaande kontakte (wetenskaplikes gebaseer in Afrika) deur te stuur as 'n beginpunt vir die netwerkvormingsproses op hierdie kontinent.
**Roete nommer 2:** Die Streekkantoor sal die verwagte take uitvoer, naamlik die bevordering van tersaaklike aktiwiteite van die ICSU-groep en sy vennote in Afrika (vir besonderhede kyk www.icsu.org). Die ICSU is tans besig met die skep van mikro-databasisse van Afrika-wetenskaplikes vir elke Unie en ander geaffilieerde liggame van die ICSU, as 'n beginpunt van netwerkvorming. Dit is hierdie netwerke, met voetsoolvlak-lidmaatskap aan wetenskaplikes, wat deur die ICSU benut sal word tydens die realisering van tersaaklike doelwitte en teikenoogmerke van die ICSU-groep in Afrika.
**Aktiwiteite vir Roete nommer 2:** Netwerkvorming rakende elk van die vier prioriteitsareas is tans in proses. Gevolglik word alle wetenskaplikes binne en buite Afrika, wat belangstel om by die span aan te sluit vir die doelwitrealisering van elk van hierdie prioriteitsareas, vriendelik versoek om by die Streekkantoor te registreer. Die besonderhede wat verstrek moet word, is (a) naam, (b) universiteitskwalifikasies en spesialiteitsrigtings, (c) werkgewer/organisasie, en (d) betroubare elektroniese posadres. Hierdie besonderhede moet gestuur word aan: m.pillay@icsu-africa.org en secretariat@icsu-africa.org.
**Die 2de Streeks-konsultasieforum:** Hierdie forum het die taak om die vordering van die Streekkantoor te evalueer vir die periode (Junie 2005 – Junie 2006). 'n Vergadering van die Forum sal in Augustus 2006 in Pretoria plaasvind. Ander sake van belang vir die kontinent sal ook tydens hierdie belangrike byeenkoms bespreek word, wat die eerste byeenkoms sal wees wat deur die Streekkantoor gereël word. Die vorige byeenkoms wat in Oktober 2004 in Harare (Zimbabwe) gehou is, was 'n voorbereidende byeenkoms. Dit het die weg gebaan vir die inwerkingstelling van die Streekkantoor en sy Komitee. Die eerste omsendskrywe van hierdie internasionale forum sal in Januarie 2006 gepos word.

Sospeter Muhongo
Direkteur: ICSU Afrika Streekkantoor
17 November 2005